Hoekom moet ons die boek lees?

As jy ooit gedink het daar is geen hoop vir mense nie – hulle is so boos en van die pad af dat hulle ‘n onvermoë het om te verander—dan sal die boek Jona jou verras en dalk ontstel. Dink aan reeksmoordernaars, verkragters, kinderseks-slawehandelaars, terroriste….. dan is dit nie onnatuurlik om te wens dat sulke geweldadige en haatgevulde mense gestraf moet word nie. Die boek Jona wys ons hoe God sey genade en liefde verbreed na die slegste mense ooit. Dit daag ons uit om sien dat God ons wil gebruik (stuur) om uit te reik na die einste mense wat ons neig om te verag en van ons dink hulle nie gered kan word nie.

Wie het die boek geskryf en wanneer?

Daar bestaan onsekerheid oor wie die boek Jona geskryf het, wanneer dit geskryf is en wanneer die verhaal sou afspeel. Een vermoede is dat Jona waarskynlik opgetree het ongeveer tussen 785-750 v.C en dat die verhaal neergepen is moontlik tussen 500 en 333 v.C.

Aan wie is die boodskap gebring?

Die vehaal van Jona is presies dit, ‘n verhaal oor die profeet. Net ‘n paar sinne van sy boodskap word vertel. Dit moes waarskynlik kragtig en effektief gewees het, want die hele Nineve, hoofstad van Assirië, kom tot inkeer. Dit was mense wat op die wreedaardigste maniere geweld gepleeg het teen ander mense en het hulself daarop geroem.

Hoekom het die profeet die boodskap gebring?

Om die storie van God se groot en wye besorgdheid te vertel. God is besorg oor selfs die vyande van sy kinders. Die boek wys ook dat bereid is om ‘n onwillige profeet as voertuig van sy genade te gebruik.

Wees op die uitkyk vir:

God se hart vir alle mense, sy begeerte vir egte en eerlike berou oor wat iemand verkeerd gedoen het en die buitengewone “moeite” wat Hy soms sal doen om ons aandag te trek en terug te bring na Hom.